

Prof. T. T. Cloete
Departement Afrikaans-Nederlands

LITERÊRE GESKIEDSKRYWING

Uittreksel uit *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jaargang 22, nommer 2,
Junie 1982:41-152

Summary

Literary history

This article is an attempt to elucidate main aspects of the writing of literary history. Its origin can be traced to articles by Ena Jansen and Gerrit Olivier which appeared in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 21 (1) and which hark back to the debate on the writing of literary history instigated by J.C. Kannemeyer's *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur 1*. Crucial issues of literary history are touched upon, such as the question as to what literature is, what literary history is, as well as issues such as incorrect terminology and wrong tradition in so-called literary history. The book by Kannemeyer belongs to the kind of obsolescent tradition, quite apart from other scientific weaknesses in the work and the articles by Ena Jansen and Olivier do nothing to convince one of the opposite viewpoint.

Die taak van die literatuurgeskiedenis

Die omvattende arbeidsveld van die literatuurgeskiedenis kan tot drie hoofsaake teruggebring word.

Eerstens: wat beïnvloed die *ontstaan* van 'n bepaalde, epogmakende literêre soort op 'n bepaalde tyd? Onder hierdie invloede hoort dan nie-literêre invloede (algemeen historiese, ekonomiese, sosiale, politieke, filosofiese, religieuse, algemene kulturele invloede) sowel as literêre invloede, dit wil sê die invloed van ander literature, ander literêre werke, bepaalde literêre tendense, vernuwingsfaktore, totaliteitsfaktore, ens. (Wie nie literêr-histories lees nie, mag intussen vreugde hê aan — dikwels uitnemende — literêre werke, iets selfs soos 'n klein kwatryn, of 'n sonnet, 'n idille, ens. *wat die geskiedenis aan hom laat verbygaan het*).

Tweedens: wat is die *bestaans*geskiedenis van literêre werke en van 'n literatuur, die interafhanklikheid van literêre werke in hierdie proses, die selektiewe faktore, die reseptiewe faktore, die waardeskommeling, rang-

ordenings?

Derdens: wat is die sosiale bevredigingsfaktor, die funksie of *uitwerking* van die literatuur van 'n bepaalde tyd op sy konteks en op die literatuur wat daarna ontstaan het?

Hoewel ons die taak van die literatuurgeskiedenis of literêre geskiedskrywing tot hierdie drie punte kan reduceer, is dit 'n byna onoorsigtelike veld wat deur hierdie drie punte gedek word. Alleen punt twee berus op taamlik konkrete en kontroleerbare gronde (die literêre kritiek self, uitsprake oor die literatuur, konkrete gesindhede daarteenoor, ens.) en 'n mate ook punt drie, maar punt een vereis 'n baie groot ensiklopediese en sosio-kulturele kennis indien die literêre historikus nie in spekulاسie wil verval nie. Een teoretikus kan die taak van die literêre geskiedskrywing dalk uitwys, maar een man alleen kan dit nouliks uitvoer.

Prof. T.T. Cloete
Departement Afrikaans-Nederlands

NUWE DIGBUNDELS XIII

Prof. Cloete bespreek die volgende digbundels in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jaargang 22, nommer 2, Junie 1982:153-164

Belcher, R.K.: *'n Ding om te skil in die maand April*. Klipbok-Uitgewery, Durbanville, 1980. 60 bl. R7,50.

Cussons, Sheila: *Die woedende brood*. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1981. 35 bl. R6,85).

De Jongh, F.W.: *Klipsweet*. Perskor-Uitgewery, Kaapstad-Johannesburg, 1980. 56 bl. R7,50.

Du Plessis, Koos: *Kinders van die wind en ander lirieke met wyses en akkoorde*. Ingelei deur Hennie Aucamp. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1981. 77 bl. R7,50.

Goosen, Anton: *Liedjieboer, lirieke met ghitaarakkoorde*. Ingelei deur Kerneels Breytenbach. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1981. 107 bl. R8,50.

Krog, Antjie: *Otters in bronslaai*. Human en Rousseau, Kaapstad, 1981. 71 bl. R7,50.

Malan, Lucas: *'n Bark vir die ontheemdes*. Tafelberg-Uitgewers, 1981. 46 bl. R6,95.

Pretorius, S.J.: *Smartlap*. Human en Rousseau, Kaapstad, 1981. 99 bl. R13,50.

Snyman, Annette: *Klein rondreis*. Boschendal, Durbanville, 1981. 75 bl. R7,50.

Van Heerden, Etienne: *Obiter dictum*. Perskor-Uitgewery, Kaapstad-Johannesburg, 1981. 49 bl. R8,95.

Van Wyk, Johan: *Bome gaan dood om jou*. Human en Rousseau, Kaapstad, 1981. 45 bl. R7,85.

Visser, Hewitt: *Smeulvuur 1966-1975*. J.L. van Schaik, Pretoria, 1981. 47 bl. R5, 75.

DIE ZOELOESPROKIE

Uittreksel uit *Tydskrif vir Letterkunde*, jaargang 19, nommer 4, November 1981:57-61.

In die sewentigerjare teken Marié Opperman 'n aantal "inheemse verhale" (haar benoeming) op waarin sy die tipiese Zoeloemanier van vertel — konkreet en met singende herhalings — respekteer. As 'n mens hierdie verhale van nader bekyk, blyk baie daarvan in werklikheid sprokies te wees eie aan die Afrika-volke. Vir die belangstellende word moontlikhede geskep om aan die hand van hierdie sprokies sekere afleidings te maak omtrent die aard van die swart volke en wesenverskille tussen laasgenoemde en die ou volke van Europa, waar dit tipiese Europese sprokie eeue gelede sy beslag gekry het.

In *Die opraak van die vuur* wat in 1975 gepubliseer is, kan vier uit die vyf verhale as sprokies geëien word; *Mhodsie die langsnoetheksie* (1977) bevat meer volksverhale, maar die titelverhaal het 'n sprokie-inslag; in *Die kraaie en die ryk kaptein* (1977) is vier uit die vyf verhale weer sprokies. Ek onderskei dit as sodanig op grond daarvan dat hierdie verhale 'n stryd tussen goed en kwaad voorstel met oorwinning van die goeie; dat dit op onbewuste vlak vir die luisteraar sê dat hy meester sal word oor sy eie lot; dat 'n tweede dimensie met towerelemente ter sprake kom waardeur die hoofkarakter in sy stryd gehelp word, maar dat die verhaal altyd weer op die gewone aardse vlak eindig waar 'n karakter binne 'n bepaalde samelewing triomferend verder kan lewe.

Dit wil voorkom asof die Zoeloe meer begaan is oor sy stamverband as sy stryd as individu. Die kultuur van die volk moet teen ondergang beskerm word, bv. in *Die opraak van die vuur* waar die stam se vuur gesteel en met groot gevaar weer teruggebring word, of die beskerming van 'n stam teen die inhagigheid en kortsigtigheid van 'n kaptein in *Die vere, die saad en die klontjie gom*. Positiewe karaktereienskappe wat uiteindelik ook die hele stam bevoordeel; soos fluksheid en deugsamheid, word in *Die bruid van die Vyfkopslang* beklemtoon. Dit gaan nie om 'n kind se soeke na identiteit en stryd binne gesinsverband nie, maar versekering in verband met onbewuste vrese vir 'n seksuele verhouding en die oorwinning van positiewe liefdevolle eienskappe by die man óór monsteragtig-egoïstiese trekke speel net so 'n belangrike rol as in Europa sprokies.

In die Zoeloesprokies gaan dit nie om 'n kind wat spronggewys tot hubare jongmens ontwikkel nie, maar word op die jongmens as sodanig gekonsentreer. Dit mag saamhang met die feit dat dit nie spesifiek kinders was wat na hierdie verhale geluister en daarin dus hul probleme gereflekteer gesien het nie, maar ál die mense. In *Genant van die weerligvoël* gaan dit selfs om 'n getroude vrou met twee kinders wat huweliksprobleme ervaar, en vir so 'n vrou word op bedekte wyse gesê om dankbaar en positief haar weg te bewandel totdat sy oor kleinlikheid triomfeer en vir haar man groot rykdom bring.

In plaas van konings en koninginne wat volop is in Europese sprokies, is hier kapteins met hul kinders, veral dogters wat dan met kapteinseuns trou. Die dieper implikasie bly dieselfde: die mens veg teen probleme en kom as oorwinnaar, meester van jou eie innerlike wêreld, anderkant uit.

* * *

Hoewel die Zoeloesprokie 'n oppervlakkiger morele strekking het as sy Europese eweknie, het dit in diepste sin ook steeds met die verlossingsmotief te make — verlossing van menslike swakhede en onryphede en ook vrese. In baie gevalle verander 'n monster of slang in 'n pragtige jongman met wie die jongmeisie dan trou, of die jongmans oorwin eie onvolmaakt-hede (*Blindeman en Boggelrug*) en kan dan met vryheid en verantwoordelikheid 'n huwelik aangaan.

* * *

Tussen die Europese en Zoeloesprokie is daar groot verskille, soos inderdaad tussen Europa en Afrika – en tog is daar in diepste wese 'n verbasende ooreenkoms. Menslike behoeftes kry in 'n bepaalde kunsvorm gestalte; afgesien van herkoms, is elke mens uiteindelik 'n mens.

Geraadpleegde bronne

- BETTELHEIM, Bruno. 1975. *Uses of enchantment*. London, Thames & Hudson.
HIGGENS, J.E. 1970. *Beyond words*. New York, Teachers College Press.

Gebruikte tekste

- OPPERMAN, Marië. 1975. *Die opraak van die vuur*. Kaapstad, Human & Rousseau.
1977. *Mbodse en die langsnoetheksie*. do.
1977. *Die kraaie en die ryk kaptein*. do.

Dr. Elsabe Steenberg
Departement Afrikaans-Nederlands

VON WIELLIGH EN DIE VOLKSVERHAAL

Uittreksel uit *Tydskrif vir Letterkunde*, jaargang 20, nommer 2, Mei 1982:55-59

Deels uit eie aandrift omdat hy besef het dat baie stories verlore mag gaan as dit nie neergeskryf word nie, en deels aangespoor deur die redaksie van *Ons Klynjti*, begin G.R. von Wielligh voor die einde van die negentiende eeu al Hottentot-verhale versamel. In 1906 word 'n hele aantal in die tydskrif gepubliseer; kort daarna word dit saam in boekvorm uitgegee. 'n Dekade later het hy soveel stories tot sy versameling bygevoeg dat hy dit in vier boekdele laat uitgee. 'n Keur uit hierdie stories word in 1958 opnuut gepubliseer en beleef 'n paar herdrukke voordat dit in hersiene en effens uitgebreide gedaante in 1980 nogmaals baie aantreklik uitgegee word.

In hierdie volksverhale is al die karakters diere, waarvan die Hottentotte 'n lyn kennis openbaar. Moeiteloos word kenmerk ná uiterlike kenmerk van die diere — van Tinktinkie tot Paling — storiegewys verklaar, bloot om te vermaak en nie om te stig of te simboliseer nie. Wat wél op indirekte wyse deur die diere oopgedek word, is menslike handeling en optrede: dis duidelik dat die verhale ontstaan het in 'n tyd toe feesvier, koning (of kaptein) kies, bakleiery en onderlinge geslepenheid 'n belangrike rol gespeel het. Afgesien van uiterlike kenmerke, word diere dus vermenslik. 'n Ryke verskeidenheid menslike emosies word aan die dierekarakters toegesê: dapperheid, vrees, ingenomenheid, vreugde, volharding, skaamte en ergernis. Dis veelseggend dat liefde nooit aan bod kom nie. Selfs in die enigste verhaal waar dit gaan om nooiens wat vir hulle mans moet uitkies (*Waar vier soorte heuningbye vandaan kom*) val die keuse op die hardwerkendste en slimste kêrels en speel toegeneentheid geen rol nie. Ewe min as die verhouding man-vrou word dié tussen ouer en kind belig — wat aansluit by die lewenswyse van die Hottentot wat eerder in stam- as in gesinsverband bestaan het. Inderdaad word ook dié volksverhale 'n spieël van die volk waaruit hulle voortkom.

Juis die uitbeelding van menslike vernuf en stryd wat lei tot die oorwinning van die slimste of sterkste, vorm telkens die tema van hierdie opgetekende volksverhale. Dat daar in die loop van elke verhaal ook 'n aantal verklarings gegee word vir uiterlike kenmerke van die diere, wat in vermenslike gedaante as hoolkarakters optree, is van sekondêre belang.

Net soos die gewone fantasieverhaal moet die volksverhaal ook oortuig binne sy konteks; Wellek en Warren se eis van “coherence” is op enige literêre werk van toepassing. Dis dus gemotiveerd dat alle diere in hierdie volksverhale kan praat — anders as in party van Beatrix Potter se dierestories waar sommige vermenslik word terwyl ander gewone diere bly. In die manier waarop diere se handelingse soms dié van diere bly en soms vermenslik word, kom onoortuigende elemente egter voor. Bobbejaan en Skilpad kan byvoorbeeld sonder probleme self vyeboom plant en laasgenoemde gooi syne gereeld nat — maar as die vye ryp is, verhinder sy skilpad-aard hom om die vrugte te pluk. Dis ook Skilpad wat sy eie dop vol pik en gom kan smeer sodat Hasie later daaraan vassit.

Dis interessant dat die Hottentoot se kunsopvatting, wat indirek ter sprake kom in *Die Goggas kies 'n koning*, aansluit by die Europese siening van die sewentiende en agtiende eeu. Hooft sê die kuns gee “waerdicheit” en hoë aansien aan sy maker; in *Die Goggas kies 'n koning* word koningskap verleen aan die gogga wat die kunstigste bouwerk kan verrig. Maar dié bouwerk moenie net 'n sinvolle en digte samehang vorm nie: dit moet ook nuttig wees. Daarom word By (onantropologies) koning, want sy woning is nie net bewonderenswaardig nie; die heuning daarin kan ook geëet word! Sou dié nuttigheidsbeginsel, wat vandag nog op ons kinderliteratuur van toepassing gemaak word, dus by ons Europese voorvaders én by die Hottentotte ontstaan het?!

VON WIELLIGH, G.R. *Dierestories*. Van Schaik, Pretoria. Tweede uitgebreide uitgawe. 1980.

BOEKBEKENDSTELLING

D.P. Wissing

Algemene en Afrikaanse Generatiewe Fonologie

'n Omvattende werk oor die algemene en die Afrikaanse generatiewe fonologie uit die pen van prof. D.P. Wissing, hoof van die Departement A.T.L.W. aan die PU vir CHO, het pas verskyn.

Soos wat die titel aandui, is hierdie boek generatief georiënteer. Dit inkorporeer die belangrikste bydraes van die NGF by dié van die standaardgeneratiewe fonologiemodel.

Die boek is hoofsaaklik geskryf met die oog op die voorgraadse fonologie-student in sowel Afrikaans as Linguistiek.

Dit gaan in hierdie inleidende werk hoofsaaklik om die beantwoording van drie kernvrae:

1. Wat is die objek van die fonologie?
2. Wat is die oogmerke daarvan met betrekking tot dié objek?
3. Hoe kan daardie oogmerke bereik word?

Met die uitsondering van die hoofstukke van Deel I (wat handel oor die objek en oogmerke van die fonologie), word daar aan die einde van elke hoofstuk 'n aantal opdragte gestel wat hierdie boek gerig hou op die gebruik daarvan in die praktiese klassituasie.

Algemene en Afrikaanse Generatiewe Fonologie word deur Macmillan uitgegee en kos R14,95 + AVB.